

# *Die uitnodiging*

deur

*Helene de Kock*

Surita word wakker van die stilte. So anders as die gewoel in Kaapstad. Dis swaar en soel, byna tasbaar. Voorloop van 'n warm somer hier tussen die Bolandse berge. Daar is ook die geur van varsgemaalde koffie. Sy draai behaaglik om onder die ligroos kwilt. Laat haar gedagtes versigtig terugloop.

Sou Roald al haar briefie ontsyfer het? Skielike, en dan nog ietwat mistieke nuus, is nie juis sy forte nie. Hy hou niks van verrassings nie. Sy moet hom altyd vooraf inlig oor dinge sodat hy daarvoor kan dink. Hy verkies om sy kop agtermekaar te kry anders funksioneer hy moeilik. Maar sy wonder nie, sy weet: Dis nie met sy kop dat dit skeel nie.

Sy roep sugtend die prentjie op. Hy sou gisteraand teruggekom het van huisbesoek, reguit deurgestap het studeerkamer toe en eers daar alles in orde gebring het. Sy pynlik georganiseerde dag sou presies ordelik afgesluit word. Hy sou eers al die e-posse afhandel, ook al die korrespondensie en die ewige administrasie wat onvermydelik met 'n geestelike professie saamgaan. Dan eers sou hy kamer toe gegaan het. Gesien het dat sy nie in die bed of in die badkamer is nie. Hy sou met sy vinnige, doelgerigte treë kombuis toe geloop het want soms wag sy daar vir hom met koffie en beskuit. Of 'n glas warm melk met 'n teelepel gouestroop in, nes sy ma altyd vir hom gemaak het.

Deesdae gebeur dit egter bitter selde. Die bediening en die doktrale proefskrif haal alles uit hom uit. Tot sy lewensblyheid. Eindelose besoeke en byeenkomste, ellelange verslae oor ander mense se huwelike vul sy dae en soms sy nagte ook. Want hy kan nie afskakel nie. Hy kom dikwels so laat uit sy studeerkamer waar hy verkies om liefste alleen te werk, dat Surita teen daardie tyd al moed opgegee en kamer toe gegaan het. En soos altyd wanneer haar kop die kussing tref, slaap sy. Anders as hy wat eers lank rondrol en al op 'n keer verlangend gewens het hy kan soos sy net wegsink in anderland.

Daar is 'n kloppie aan die deur en Surita kom afgewagend orent. Hettie Fouché kom binne, hou glimlaggend die skinkbord nader. “More, my kind, goed geslaap?”

Surita ontvang die tradisionele oggendsoen met graagte en glimlag wrang. “Soos altyd ja. Maar... die wakker word is nogal erger as wat ek gedink het.”

Hettie frons en druk vir haar 'n plekkie plat op die rysige donskombers. “Ai, my kind... Het hy nog nie gebel nie?”

Surita skud haar kop, teug aan die koffie. “Ek het my selfoon afgesit. Buitendien, hy is dalk baie kwaad vir my, Moeder.”

Hettie dink lank, kruis haar skraal bene in die perskepienk broekpak en sluit toe haar vingers om haar knieë. “Weet jy, dan moet hy maar kwaad wees. Kwaad gaan weer weg. Dan kom die groot dink. Dis wat hy, en jy ook, nou nodig het.”

“Dankie, Moeder... dankie dat ek hier mag wees. En... dankie dat Moeder my altyd met 'n soen groet... Altyd nog. Al was ek net buite in die wingerde of onder by die dam.... Ek wil hê Moeder moet weet dit beteken nog al die jare vir my so baie.”

Hettie se ken beef en sy raak lig aan Surita se arm. “Van dag een af het ek geweet jy en Roald is vir mekaar bedoel. Dat jy my dogter sou word, was net ‘n kwessie van tyd.”

“Dat ek en Moeder so goed klaarkom, is van Bo,” sug Surita en sit die koppie op die bedkassie neer, sak terug teen die kussings.

“Ja,” antwoord Hettie nadenkend, “maar ons werk ook daaraan. Dis wat jy en Roald nou weer moet begin doen.... Sê my, waarom het jy nie na jou ma toe gegaan nie?”

“Ek... het geweet Moeder gaan dit vra. Wel, ek wou nie hê die gemeente moet dink ek... dat daar probleme is nie. Ek is tuis hier by Moeder en dit klink eenvoudig beter as Roald kan sê mevrou dominee kuier bietjie by haar skoonma. Dis nou as hy dit kan uitpluis dat ek hier is.”

Hettie proes van die lag. “Dis natuurlik nie te sê nie, hoor. ‘n Man kan verskriklik dom wees as dit hom pas. My liewe Egbert was ook so. Kon hom blind hou vir weerlig en doof vir donderweer.”

Surita glimlag verlig. Hettie se insae in mense was nog altyd amusant. “En wat het Moeder gedoen om hom weer te laat sien en hoor?”

“‘n Verskeidenheid taktieke toegepas. Elke situasie het iets anders vereis. Die huwelik, my kind, is ‘n intens boeiende toestand wat elke oomblik aandag verg.”

“Vertel Moeder my nou...” sug Surita. ‘n Toestand, né...

Hettie staan op. “Luister, ek moet dorp toe. Ek is hierdie jaar voorsitter by die Leeskring en ons behandel ‘n onhebbelike dik boek oor moord en geweld in Senegal. Ek wonder soms wat besiel mense om sulke boeke te kies? Ek is meesal nie lus daarvoor nie. Is die koerante nie vol genoeg van kwaad en geweld nie?”

“Ja...” sê Surita peinsend. “Ek... dink soms moet mens net vir die lekker lees. Ek weet ‘n groot digteres het al gesê dis ‘n beskouingsfout om ‘n verskil te maak tussen erns en genot.”

Hettie se gesig helder op. “Sowaar! Mens, ek gaan dit met die volgende vergadering opper. Dis nie dat ek net soetgoed wil lees nie, maar ai...”

“Dalk is Moeder net moeg vir diepdringende, wroegende dinge.”

“Soos jy?”

Die vraag klap Surita onverwags om. Haar mond sak magteloos oop. Toe kom die snikke. Sy begin in haar in haar handpalms huil dat dit teen haar polse afdrup. Erns en genot...? Dis dié dinge in hul lewe wat uit balans is, besef sy met skryning.

“Kind...” fluister Hettie ontstem. “Huil maar... Kom, lê weer ‘n bietjie.” Sy druk haar sagkens terug en vou die duvet agter haar blaaië toe.

Surita hoor die deur toeklik. Sy huil nog, laat honderde dae se smagting in die snoesige, wit kussing wegsink. Eindelik kom sy tot bedaring, hoor ‘n slag die telefoon ‘n paar luie gee wat flink beantwoord word. Luister hoe die klompie ganse op die grasperk buite die venster snater. Die gordyne roer en die bries dra die geur van laventel die kamer binne. Sy dommel naderhand weer weg, haar liggaam moeg van gister se rit en netnou se woedende emosie. Want sy is kwaad ook. Kwaad dat die liefde nie wil maak soos wat sy wil nie. Kwaad dat Roald stiksienig weier om in te sien dat preek en praktyk in hul lewe besig is om halsstarrig uitmekaar te rem.

Sy hét al probeer praat met hom. Een Sondag na kerk, nogal. Nie ‘n goeie tyd nie. Hy was bitter moeg. Direk na kerk was daar nog die dringendheid van doopouers wat hom wou spreek. Net daarna het die hospitaal gebel want ‘n ouderling was erg siek. En toe het sy ook nog haar mond oopgemaak.

“Ag Roald, kan ons nie maar more die dag afvat nie? Iewers heengaan, of so. Al is dit dieretuin toe...”

“Hoe bedoel jy nou?” Hy was skoon ontstig. “My lieue vrou, jy weet hoe hard ek nou aan die proefskrif werk en... daar is Oom Hannes Grundling wat so siek is...”

“En daar is jou vrou, soos wat jy my nou net self genoem het. Jóú vróú!”

“Hoe bedoel...?”

“Daar is ook jou preek van vanoggend,” het sy gedrewe volgehou. Goed geweet dat sy dinge effens uit verband ruk maar sy was regtig só moeg om aanhoudend tweede viool te speel in hierdie gemeente waar die orrel en die stel tromme en mikrofone vir die aand se jeugdiese nog nie eens afbetaal is nie. Sy het in een asem gesmeek: “Die stuk uit 1 Korintiërs 13 oor die liefde. Jy het vanoggend so... hartstogtelik daarvoor gepreek. Dis tog seker van toepassing op die huwelik ook? Die liefde wat so... alles hoop en nooit vergaan nie?”

“Nou’t jy my verloor, Surita!” Hy was kwaad en gekrenk. Moontlik het sy dit laat klink asof sy hom blameer dat hulle nooit meer tyd het om sommer net te wees nie. Gelukkig bymekaar te wees, liggaamlik veral, ontspanne te wees... Daardie soort bymekaar wees het stadigaan doodgebloei onder die druk van elke dag se dáár wees vir ander mense.

“Dis wat mens die ‘punch’ van die bediening noem, ou sussie,” het ‘n kollega se vrou verklaar toe Surita dit gewaag het om ‘n gewillige oor te soek. “Jy pas aan of jy ‘pass’ uit.”

Sy kon nie stry nie. Dit is moeilik vir haar om in pas te kom. En dis nie die bediening se skuld nie. Die oorsaak lê op ‘n diep en gevoelige plek waarby sy nog nie mooi kon uitkom nie. Dalk by haar werk. Maar sy kon ook nie die onderwys opgee net omdat sy met ‘n dominee getroud is nie. Sy is lief vir skoolhou. En omdat sy God liefhet, is sy lief vir die bediening. Sy hou selfs van kerkbasaars en byeenkomste want dis gesellig en selfs in die stad lyk dit of mense in die selgroepe vir mekaar omgee.

Maar hemel tog, sy wil by Roald ook wees. Sy wil hom liefkoos en saam met hom lag, sy wil luister na sy wonderlike preke en dit sien manifesteer in hul eie lewe.

Die huis is stil, besef sy meteens. Hettie moes al gery het. Dieper in hoor sy Fya se gedempte werkery met die skottelgoed. Sy staan traag op, gaan stort en kom trek aan. Denim en 'n wit kortmou truitjie, besluit sy. Haar neutbruin hare bind sy in 'n poniestert. 'n Lekseltjie roospiekn lipstif en maskara. En duur parfuum wat sy verlede week uit skone wrewel vir haarself gekoop het. Sy sal ten minste drie maande daaraan moet afbetaal. Jasmyn, narsing en dallelie... Geskep vir die vrou wat seker is van haar eie bekoring. Ha..!

Sy kom Fya in die eetkamer teë.

“Kom sit, Surita. Hier is tee en vars brood met moskonfyt. Eet tog dat jy kan lyf kry!”

Surita lag en gee die oumens 'n druk. “Ai tog, Fya, jy raas as jy my sien. Gaan ek dan nooit jou hart wen nie?”

“Moenie spot nie, Surita. Mevrouw het my gesê jy en dominee het stry gekry. Wat is dit met julle jongmense?”

“Hokaai! Stop die bus, Fya! Ek... glo nie dis wat mevrou gesê het nie!”

Diep plooië keep om Fya se mond. “Nee, sy't g'n niks gesê nie maar ek kan my eie dink dink.”

“Moenie, asseblief, Fya. Ek kan self nie eens dink nie. Maar ek is nie kwaad vir dominee nie. Ek belowe jou, ek is liewer vir jou grootmaakkind as ooit. Ek wil dóód so mal is ek oor hom. Maar ek en hy het net 'n bietjie...”

“Vasvat nodig? Nou vir wat seg jy nie so nie. Ek en Titus voel ook soms so en dan sê ons vir mekaar.”

“Sê wát?” vra Surita verbaas toe sy en Fya aan tafel gaan sit.

Die ouvrou sny ‘n homp vars brood, smeer dit dik botter en moskonfyt en sny dit in klein vierkante, stoot die bordjie vir haar nader.

“Eet!” beveel sy en begin smaaklik beduie. “Kyk, ‘n man en ‘n vrou sê vir mekaar as hulle met alles uitkom.” En toe Surita haar steeds vraend aankyk: “Jy sê vir dominee: Kyk Roald, ek gaan dit g’n meer vat nie. Ek gaan g’n *niks* vat nie, gehoor?”

“Dis nie so maklik nie,” sê Surita en hap dat haar botande ‘n netjieserij merkies in die botter en moskonfyt maak. Maar Fya laat haar g’n niks afsit nie.

“Dit *is* maklik. Jy sê net: Kyk Roald, ek is ‘n vrou en jy is ‘n man. Jy sal nie verstaan nie en ek wil nie verstaan nie. So, kry jou ‘act’ bymekaar.”

Surita stik effens in haar tee. “Dis nou vir jou ‘n idee!”

“Netso. Dit werk vir my en Titus, en waarom sal julle nou kwansuis anders as ons wees?”

Surita trek net haar skouers op. Miskien is ons veels te gekompliseerd, dink sy. Ons wil so intellektueel wees. So net volgens die handboek. En dit wil nie werk nie. Hulle is man en vrou, en asof dit nie ingewikkeld genoeg is nie, is hulle nog gees én liggaam ook. Dan is daar nog die individuele verskille...

Sy sug sidderend. Die liewe Heer kon kwalik ‘n meer komplekse kombinasie uitgedink het. Dit het sy mos gister weer besef. Deeglik ook. Nogal op die troue van ‘n jong proponent toe haar aantreklike, blondkop Roald een van die treffendste, ja allermooiste preke gelewer het.

“Geliefdes,” het hy in ‘n teer stem gesê, “geniet die liefde gedurig. Omhels die liefde en omhels mekaar. Dis soos wat dit bedoel is. So staan dit in die lied der liedere opgeskryf. Liefde, binne die beskerming van God se goedkeuring, is vol suiwer, speelse ekstase!” Surita het versteen bly luister toe Roald dié woorde uit Hooglied 7 verse 11 tot 13 voorlees:

“Kom, man wat ek liefhet... kom ons gaan slaap in die dorpies; kom ons

gaan vroeg smorens na die wingerde toe... Daar sal ek my liefde vir jou gee.”

Liries mooi was die woorde vir haar. Maar sy het troosteloos geluister, so na aan trane dat sy haar wang aan die binnekant stukkend gebyt het. Verplaaste pyn. Vergeefse pyn ook, so het dit gevoel. Sy het selfs op die onthaal gelag en gesels. Vrolik, asof die lewe sommer lekker van haar afrol. Ook Roald kan sy rol goed speel. Hy was bleekmoeg van preek maak en optree en studeer. Hy moes nog ‘n heildronk op die bruidegom ook instel. Tuis het hy vinnig koffie gedrink en aangekondig dat hy gou twee huise gaan besoek waar daar gesukkel word.

Sy het geweet wat hy bedoel. Mense sukkel as hul huwelik nie op dreef is nie. Op dreef beteken dus dat die ekstase en opwinding nog daar is. Daardie gedurige omhelsing van die liefde... Dit was haar slotsom. En na die gloeiende preek van die middag, het sy geweet dis waarna sy soek. Sy sal eers weer tot rus kom as hulle dit teruggevind het. Want dit wás eens op ‘n tyd daar. O, dit was daar! ‘n Roald wat gelag en passievol bemin het, wat nooit uit die huis sou gaan of selfs studeerkamer toe sou verdwyn sonder om haar eers te kom soen nie.

Miskien is Fya reg. Hulle moet vir mekaar sê. Sonder om geleerd of slim te probeer wees, moet hulle bloot sê...

Dis waarom sy die briefie op sy lessenaar gelos het.

Hettie stoom die huis binne net toe Surita wil uitstap buite toe. “Ek’s terug,” sê Hettie en kom soen haar. “Dit was toe heel interessant. Maar... die heel beste was my gesprek met professor Elsa Derksen. Die praterij het so ‘n sypootjie vanuit die roman gevat... Ewenwel, ons kom toe by die wese van die man uit.”

“O aarde!” glimlag Surita, drentel agter haar skoonma aan toe sy kamer toe loop om gemakliker aan te trek. Sy gaan sit by haar in die ruim



hoofslaapkamer waar Hettie nou al drie jaar alleen slaap. “Nou wát van die manlike wese?” spot-vra sy.

Hettie glip uit haar stylvolle pakkie en trek jeans en ‘n blou bloes aan. Eers toe antwoord sy: “Wel, Elsa reken ‘n man se vermoë om hom te oriënteer ten opsigte van die wêreld rondom hom, is bra beperk. Jy sien, sy ego oriëntasie is eksklusief.”

“Wat daarvan? Klink vir my na ou nuus, Moeder.”

“Nie regtig nie. Dink mooi. ‘n Man identifiseer dus moeilik met ander mense. ‘n Vrou daarenteen, leef meer inklusief. Sy het ‘n ingeboude vermoë om ‘n man beter te begryp as wat hy haar kan begryp.”

“Dus... verskoon ‘n man se genetiese onbekwaamheid hom as hy onsensitief raak vir haar behoeftes?” Surita staan haastig op en loop venster toe. Sy staar na die teergroen tuin, glinsterend onder die sproeiers. En voel hoe die trane weer brandend opstoot.

“Geensins, Surita,” sê Hettie ferm en kom staan langs haar. “Ek meen dis een van daardie stellings wat mens eers moet dekodeer. Nou dink ek mos... Soos wat jy gisteraand vir my vertel het, leef Roald teen ‘n pas wat hy nie kan volhou nie. Bloot omdat hy sukkel om te bepaal waar hy hom bevind.”

“En waar is dit?” vra Surita moeg.

“Op die verkeerde plek. Hy moet terugkom na waar dit saak maak.”

Surita voel meteens die suutjies-vlam van ‘n klein opwinding. “Ja! Erns en genot moet weer bymekaar uitkom. En miskien... moet ek hom leer om met my te identifiseer.”

“Dink jy dis moontlik?” vra Hettie baie sag en kom staan langs haar, wys ingedagte na ‘n paar eende wat op soek na goggatjies met snawels in die papnat grasperk ploeter.

“Met ‘n bietjie hulp van Bo, ja.”

“Het jy iets spesifiek gevra?” wil Hettie weet.

“Ja. Ek het dit gekry nog voordat ek gevra het. Uit Hooglied. Daar waar dit staan : ‘Kom ons gaan slaap in die dorpies... en kom ons gaan kyk hoe die wingerd bot... Daar sal ek my liefde vir jou gee.’ Dis die boodskap wat ek vir hom gelos het. Net dit. Want dis wat hy predik.”

Hettie se oë rek. “Hoe romanties...”

“As hy ooit kom, ja.”

“Natuurlik kom hy. Dis wat ek vir jou wou sê. Dis hy wat vanoggend gebel het. Wou eers dikmond weet of ek dalk weet waar jy is. En toe ek sê ek weet, wou hy hom opruk. Maar toe sê ek hom.”

“Wat?” vra Surita en die skrik en die lag word ‘n vreemde bewerasie in haar borskas.

“Ek sê vir hom: As jy weet wat vir jou goed is, sal jy jou vrou kom haal. Maar dit sal nie maklik wees nie. Jy sal mooi moet dink.”

Surita proes van die lag. “Soos Fya vir Titus gesê het?”

Hettie knik laggend. “Netso. Kry jou ‘act’ bymekaar. Glo my, sy sê dit gereeld vir hom en hy verstaan presies wat sy bedoel.”

‘n Skielike nugterheid slaat haar meteens. “Moeder, dis nie so eenvoudig nie. Ons sal albei moet...”

“Natuurlik. Hierdie saak het altyd twee kante. Selfs al is jy nie die grootste fouteerder nie.” Sy kyk op haar horlosie. “Ek gaan Fya met die kos help. Roald behoort oor ‘n uur of wat hier te wees. Want as hy die predikant is wat ek grootgemaak het, sal hy jou boodskap goed begryp.” En toe Surita nog versteld bly staan: “Ek stel voor dat Fya vir jou ‘n piekniekmandjie pak. Yskoue wyn en Brie met beskuitjies. Enne... neem ‘n reiskombersie ook. Dan loop jy daar na die boonste Shiraz wingerd teen die berg.”

“Daar is koeltebome,” glimlag Surita.

Haar skoonma gee haar ‘n druk en loop kombuis toe.

Veertig minute later sit Surita in die koelte by die dam. Agter haar is die wingerd vol lemmetjiegroen blaartjies en 'n enkele perskeboom staan donsigtig pienk in die blom. Haar hart klop soos 'n jong voëltjie s'n. Toe sy die stofstreep onder van die dorp se kant af gewaar, moet sy swaar sluk om die droogheid in haar keel weg te kry. Maar dit neem nog 'n halfuur voordat sy sy lang figuur sien aankom deur die varsgroen veld anderkant die dam. Sy bly sit, kyk hom swyend aan tot hy by haar is. Hy lyk bleek, gespanne. Sy oë is intens blou.

“Surita...”

“Roald.”

Hy trek sy asem hoorbaar in. Om sy mond roer 'n fyn laggie.

“Ek... het jou uitnodiging gekry.”

“God s'n,” sê sy sag. “Dis aan ons al twee gerig.” Toe lig sy haar hande stadig en maak haar hare los. Dit val sag en geurig om haar skouers. Sy sien hoe hy week raak. Maar sy hou haar hard.

“Waarom het jy gekom?”

Die skrik spring in sy oë. “Ek... hoe kan jy dit vra? Hoe kan ek sonder jou...”

“Jy kom goed sonder my klaar, Roald. Lankal. Dis ek wat nie sonder jou kan leef nie. Ek sukkel, my man. Ek verlang na samesyn, ek smag na liefde. Na ál die vorme van liefde waaroor jy so mooi preek.”

Hy gee twee tree en toe is hy op sy knieë langs haar. Hy raap haar teen hom aan. Sê haar naam oor en oor tot sy mond hare soet en driftig vind. Hulle soen tot hulle nie meer asem het nie.

Toe fluister hy bewend: “Was ek dan... só erg dat jy moes weggaan?”

“Ja,” knik sy maar hou sy gesig tussen haar palms. “Jy... wou alles vergeestelik. Tot ons liefde. Want die lewe druk mens soms heel uit jou lyf uit. Maar ons moet oppas daarvoor.”

“Ons moet, ja!” Sy oë gaan stadig en verwonderd oor haar.

“Waarom verduur jy my?”

“Miskien omdat jy tóg weet hoe om die lewe te geniet!” lag sy.

Hy soen haar weer, laat sy hande oor haar gewillige lyf gaan. “Kom ons gaan slaap in die dorpies...” mymer hy glimlaggend. “Inderdaad. Ons.... ek mag dit nooit weer vergeet nie. Al druk wat ook al.”

---